# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Sierstruik of vrugteboom?

**Skriflesing:**
Markus 11:12-25

**Teksvers:**
Markus 11:13

**Sing:**
Ps 5:1,2,3
Ps 2:1,2,6
Ps 1:2,4
Sb 14-1:2,3
Ps 92:3,6,7
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Jesus het vir drie jare tydens sy aardse bediening die Woord van God gebring. Aktueel, op die man af en direk van toepassing op die volk se alledaagse lewe (Bv die bergrede).

Ag, hoe teleurgesteld sou hy nie moes wees oor die vrug van sy bediening nie! Niemand het hulle aan sy prediking gesteur nie!

Aan die einde was daar net die twaalf, waarvan een 'n verraaier was en die res wat Hom in die steek gelaat het. Die paar vroue wat Hom gevolg het, staan by die kruis ook maar op 'n afstand.

Dit is hier waar hierdie DOEN-PREEK van Jesus van toepassing is.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Ware godsdiens is om jou hart te offer

**Skriflesing:**
Matteus 15:1-20

**Teksvers:**
Matteus 15:8

**Sing:**
Ps 138:1, 3
Ps 139:1, 12
Ps 33:6, 10, 11
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die Gees van God werk in ons dat ons vrug kan dra. Maar 'n boom kan nie vrug dra as dit in slegte grond staan of sonder water is nie. In hierdie gedeelte spreek ons Here Jesus die Fariseërs aan oor die wese van hulle geloof. Die oortuiging van hulle hart.

Ons staan vanaand stil by Sondag 1 oor ons enigste troos.



**KOMMUNIKAATJIE**

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 03 30 Januarie 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# Is jy gereed?

*"Eerbiedig Christus in julle harte, altyd gereed om julle te verantwoord teenoor elkeen wat van julle rekenskap eis oor die hoop wat in julle leef"* – *1 Pet 3:15 (2020)*

As ek nou mag aanneem dat die leser hier sekerheid het van die liefde van die Here, absoluut oortuig is dat jou sonde vergewe is en dat jy besig is om elke dag gereed te maak om ewig saam met jou Here te lewe, dan kan ons oor hierdie teks praat. Dan is dit my aanname dat die leser HOOP het. Die Christelike hoop is nie wispelturig nie. Dit is vas en seker. Christus is my hoop. In Hom het ek 'n ewige uitsig op 'n lewe saam met God. 'n Lewe vry van sonde en pyn en swaarkry. 'n Lewe sonder stryd en mislukking. Wat 'n heerlik en onbeskryflike uitsig en troos. My hoop in die tye van hierdie stukkende wêreld is dat ek aan Jesus Christus behoort en dat Hy vir my 'n ewige vrede met God bewerk het. Niemand kan dit ooit weer van my af wegneem nie. Dit maak my bestendig en 'n mens van vrede wat ook vrede uitdeel en in liefde met my naaste lewe.

Dit is die werk van God wat Hy deur Christus en sy Heilige Gees IN my lewe tot stand gebring het. HY is my HOOP. Hy gee my hoop. Hy gee vrede. Die vraag is egter nie net wat IN jou is nie, maar ook wat UIT jou uitgaan. Ons is dankbaar vir sy werk in ons, maar as dit VRUGDRA dan gaan daar ook iets daarvan UIT ons uit. Mense sien ons vrede. Mense sien ons bestendigheid. Mense sien ons vrugdra. Mense sien ons hoop! En dan moet ek en jy daaroor kan praat. Dit moet gedeel word. Uitgedeel word. Hoop is aansteeklik. Hoop gee altyd plek vir die liefde. Hoop gee ruimte vir versoening en vrede. Hoop maak rustig. Dit stabiliseer jou denke en emosies. Hoop bewaar jou teen paniek. Hoop gee uitsig in swaarkry, styg uit bo beproewing en strek verder as die dood en graf!

Maar dan weer die vraag: Is jy gereed om daaroor met mense te praat? Ons is geroep om getuies te wees (Hd 1:8). Die Heilige Gees sal jou lei en krag en woorde gee. Maar die Naam van ons HOOP moet ook op jou lippe kom. Jesus Christus moet as die HOOP vir die hele wêreld bekend gemaak word. Hierin is ek en jy God se mede-werkers. Soms hoef jy geen woord te sê nie, maar soms moet jy wel openlik getuig dat jou veilige hoop en verwagting alleen in Christus lê, sodat ander ook die hoop kan vind en die vrede van God mag ken.

Is jy altyd gereed om verantwoording te doen oor jou geloof en hoop in liefde?

*Ds Maarten*

## *ALGEMENE INLIGTING*

Vrug van die Gees!

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 2, Ps 46:1 Volgende week: Les 3, Ps 48:1

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week**: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |










## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 18 Feb om 17:00**

Kom slaap oor by die kerk!

Bring jou hele gesin saam en geniet 'n prettige aand by ons kerk.

Kontak Santie Coetzer 072 589 9448

## Koningskinders-kamp

**18—20 Maart**

Indien u belang stel om saam te gaan kamp, skakel asb vir ds Lourens.

Ons benodig: groepleiers, 'n kosspan en adminbeamptes.

Ds Lourens 082 529 2330



## GTA

Koffie, koekies en kuier.

Sondagaand na kerk.

## S U S T E R S!

Onthou om by jou wyksuster te bestel vir volgende week se Vrydag-winkel.

Ook om nie te vergeet nie... ons het net 350 sitplekke hier in Centurion vir die Saamtrek in Maart. Hoe gouer, hoe beter!

Daar is twee wyksusterwyke vakant. As jy voel jy wil ietsie doen in die kerk, sal wyksus-ter-wees 'n goeie besluit wees.

Kontak Phia hieromtrent 082 541 6388

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**30 Januarie 2022**

C04 Leandre Struwig

B08 Susters van wyk

A03 Magda vd Schyff

**6 Februarie 2022**

C03 Simoné Jv Rensburg

B07 Liesje Kuperus

A02 Esther Hoffman



# *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Mariki Lessing sterk tuis aan na 'n operasie (B4—654 7263).
- Magda Zaaijman ondergaan Vrydag 'n operasie (E1—719981534).
- Jannie Klopper ondergaan 8 Feb 'n nekoperasie (C12—084 890 0872).
- Sakkie van Wyk sterk aan in Eugene Marais hospitaal (C1—072 4017780).
- Elna de Bruin het toetse ondergaan (A2—083 664 2050).
- Anneke van Jaarsveld het 'n draai in die hospitaal gemaak (A6—084 605 9660).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***



## *Geluk*

André en Chané met die geboorte van Dewald Beumer

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Jan | Lettie | Smit | C01 | 27847646587 |
| | Anna-Marie | v Staden | A15 | 27829407111 |
| 31-Jan | Frans | Brand | C08 | 27767414193 |
| | Martelie | Burger | B17 | 27737223587 |
| | Liana | Kruger | C10 | 27724374196 |
| | Jan | Nel | C12 | 27823795935 |
| | Mieneke | Trichard | A03 | 662 1964 |
| | Mieke | vd Heever | C02 | 27817938279 |
| | Kosie | Venter | A02 | 27825712108 |
| 01-Feb | Chané | Beumer | A09 | 27834418095 |
| 02-Feb | Pieter | vd Merwe | C10 | 27782444719 |
| | Andries | Venter | A11 | 27761224280 |
| | Brenda | Venter | A02 | 27842004700 |
| 03-Feb | Danie | Erasmus | B05 | 27825772862 |
| | Pieter | van Rooy | A01 | 27825592762 |
| | Gerrit | van Zyl | C13 | 27833040338 |
| 04-Feb | Louise | Hefer | A07 | 27824650498 |
| | Paul | Hugo | B15 | 27824621902 |
| | Deon | Pohl | A10 | 27824502720 |
| | Heleen | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| | Marcel | Wilson | E01 | 27829030552 |
| 05-Feb | Heinrich | Buys | B09 | 27746813660 |
| | Mandie | Cloete | A08 | 27825625296 |
| | Gert | Janzen | A07 | 27610617640 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Jan | Reuben | Zwemstra | A12 | 27815931554 |
| 31-Jan | Kara | Holtzhausen | C05 | 27834128969 |
| | Matthys | Louw | C10 | 27796910128 |
| 01-Feb | Henro | Posthumus | A12 | 27828740421 |
| | Chanel | Snyman | B10 | 27723455880 |
| 02-Feb | Paul | Kotze | A16 | 27837300933 |
| | Deodat | le Roux | B04 | 27832775854 |
| 03-Feb | Miane | de Jager | B17 | 27829240529 |
| 05-Feb | Miané | Bloemhof | A07 | 27763826939 |

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Solly Muhlarhi (Diaken van Engelse Diens) soek **tuinwerk en verblyf** nader aan kerk. Skakel hom by 079 356 9591/Hennie vd Walt 0829274326.

**Jennipher soek huishulpwerk** en indien moontlik verblyf. (Kook, koekbak, versorging van siek en bejaarde mense) Werk al 20jr by my Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Ek verkoop verskillende tipe braaihout**, volledige advertensie met pryse is op kennisgewingbord. Hennie vd Walt 0829274326.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**9 Feb** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**

## MONUMENTSIGAFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis en sitkamer, aangrensend toesluit motorhuis met privaat binnehof. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Maart 2022. Die rigprys is R625 000. Die eenheid se grootte is 92 vkm en die maandelikse heffing beloop R1 210. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 0714034143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 7 Februarie 2022**

*Ja, Ek ken die planne wat Ek vir julle het, is die uitspraak van die Here. "Dit is planne van voorspoed, en nie teenspoed nie, om aan julle 'n toekoms en hoop te gee."*
*Jeremia 29:11*



## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin **8 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/ Kerkkantoor 012 664 2614

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Senior Aksie

Die Senior Aksie kom DV weer op

Maandag, **7 Februarie 2022**

om **10:00**

in die **kerksaal** bymekaar

Trudie Steyn gaan aan die begin van 'n nuwe jaar ons gedagtes rig op ons Lewenswedloop.

Hoe hanteer ons die Lewenswedloop: kanselleer jy, kampeer jy of klim jy?

Klink dit vir jou ietwat vreemd?

Kom luister gerus hoe om die Lewenswedloop in 2022 aan te pak!

Nadat ons gedagtes verryk is, gaan ons lekker saamkuier met iets te ete en te drinke.



## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

## Die Sending van Jesus

Ons kyk na video's van Ray Vander Laan

***Ons begin weer op 1 Februarie 2022***

**Plek**: GK Centurion Kerksaal
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand om 19:00
(vir ses weke)
**Koste**: <u>Gratis</u>
**Aanbieder**: Ds Maarten van Helden
**Navrae:** Hein Kaiser 082 772 7718/Kerkkantoor 664 2614

***Almal welkom***